1/2/2010

Die Voortrekkers

DIE ABC ERKENNINGSTELSEL
KONSEP VOORSTEL 1

Die bedoeling van die ABC Erkenningstelsel

Dit is belangrik dat daar na die stelsel gekyk word met dieselfde bril op. Die stelsel het twee doelwitte wat bereik moet word as dit suksesvol waarde wil byvoeg tot die Voortrekkers as geheel.

1. Dit moet verseker dat die minimum aktiwiteite bygewoon en suksesvol afgelê word deur elke jeuglid. Hierdie aktiwiteite is verkry in die bestaande Voortrekker literatuur. Ons poog byvoorbeeld dat elke span ten minste 2 spankampe per jaar bywoon. Deur ondervinding sal die meeste offisiere kan getuig dat hierdie enkele aktiwiteit jou span soos geen ander laat bind en sodoende ‘n eie unieke identiteit skep wat kern is tot die hele spanstelsel.
2. Die tweede komponent is dat dit poog om ‘n onder na bo druk te skep waar die jeuglede byna aandring om die aktiwiteite by te woon of aan te vra sodat daar verseker word dat ons ten minste die minimum aktiwiteite daar stel.
3. ‘n Derde uitkoms van die stelsel wat hoegenaam nie die bedoeling was nie, is dat dit ‘n dryfveer is vir goeie administrasie binne ‘n kommando. Slegs as die administrasie op datum is en gehou word kan die stelsel effektief bestuur word. Alhoewel nie die oorspronklike gedagte nie; stel dit ‘n meetbare maatstaf om jeuglede van verskilende kommando’s te vergelyk asook om dadelik die “prentjie” te kry van die inhoud aangepak in ‘n kommando.

Die geskiedenis

Die ontwerp van die toekenning het ‘n 2 jaar paadjie in Kaapland geloop. Tydens die Verkennerjeugberaad in 2000 te Bodemvas in die Noord-Kaap is ‘n voorstel aan die jeuglede gemaak van ‘n item wat hulle op hul skoolklere kan dra sodat hulle meer sigbare ambasadeurs vir die beweging kan wees. Die ontwerp is gedoen en die volgende jaar te Wemmershoek is dit aanvaar met 64 ja stemme en 1 nee stem tydens die Verkennerberaad. Die gedagte om dit op die jeuglede se skoolklere te dra het goed in Kaapland pos gevat maar na die laaste wysiging in 2002 het die idée vervaag, wat werklik ‘n jammerte is. Hieronder is die paadjie wat die ontwerp gevolg het. Die eerste ontwerp op linkerkant is die van Kimberley se junior stadsraad as vertrekpunt. In die middle was die voorstel in 2000 waarna die jeuglede versoek het om dit te verander na die regterkantse voorbeeld waar die balkie op skooldrag gedra word en die wapen op Voortrekkerdrag. Die punte is saamgestel uit Kruinsig Kommando se erepenning en die Orde van die Mier van Kaapland. Die Orde van die Mier het net 7 vlakke gehad terwyl die gevoel van Kruinsig was dat meer vlakke beter sal werk.

Die probleme wat tans ondervind word.

Die problem wat tans ondervind word kan almal voor een deur gelê word. Dit is dat daar soveel ruimte in die stelsel geskep is dat dit veroorsaak dat lede op vordering fokus en poog om so vinnig moontlik die hoogste vlak te bereik. In opsig self is dit nie negatief nie, want jeuglede neem aan alle moontlike aktiwiteite deel met ‘n passie.

Dit skep ongelukkig probleme met veral kostes. Tweedens veroorsaak dit so ‘n opgewondenheid dat ons veronderstelde klem op kwaliteit aktiwiteite dalk mag skade ly. Dit noodsaak ons om dit daarwerklik bestuur.

Die voorgestelde oplossing

Die beste oplossing vir die “proleem” is dat ons bloot die vlakke verminder. Dit sal verseker dat daar die minimum wysigings is aan bestaande administratiewe stelsels en verder die problem van kostes hok slaan. As ons ons jeuglede en hul tydperk by ons as verwysing gebruik behoort daar 12 vlakke te wees.

Die gedagte is dat hy daarvoor werk in byvoorbeeld Graad 1 en dit eers in Graad 2 dra. As ons dus by Graad O begin is die versonderstelling dat hy in Graad 11 vir die laaste toekenning werk en dit dan in Graad 12 dra. Die rede hiervoor is dat ons nie die stelsel enigsins met die HW/PV proses wil laat meeding nie.

Die voorstel is dat ons die wit toekennings sowel as die eerste drie (oranje, groen en blou) weglaat. Die wit omdat dit nie inpas by die res van die kleurkode soos tans gebruik nie en die eerste drie omdat dit bloot prakties is ten opsigte van die kleur struktuur.

Voorgestelde struktuur

Junior fase

Toekenning	Vereiste punt	Vlak ook die veronderstelde Graad waarin dit gerdra word
Silwer-Oranje	50	1
Silwer-Groen	100	2
Silwer-Blou	150	3
Silwer-Rooi	225	4
Silwer	300	5
Silwer-Goud	375	6

Graad O word weggelaat omdat dit die jaar is waarin daar gewerk word vir die eerste toekenning, Alhoewel die meeste kommando’s oorhandiging funksies in Augustus hou is die gedagte dat die grootste tyd wat die jeuglid die kenteken dra die volgende skooljaar.

Toelating tot Graad 1 dien ook as outomatiese kwalifiseerder vir toekenning vlak 1 omdat ons deur die stelsel poog om jeuglede aan te moedig en op die ouderdomsvlak van Graad O en Graad 1 dit belangrik is dat ons die jeuglede motiveer om aan te hou. Verder is ouers soms huiwerig om hulle reeds in graad O te laat saamkamp of aan sekere aktiwiteite soos spankampe bloot te stel.

Senior fase

Toekenning	Vereiste punt	Vlak ook die veronderstelde Graad waarin dit gerdra word
Goud-Oranje	450	7
Goud -Groen	525	8
Goud -Blou	600	9
Goud -Rooi	675	10
Goud-Silwer	750	11
Goud	825	12

Die selfde tabel geld vir jeuglede sowel as volwasselede met die uitsondering dat daar geen grade en fases gekoppel word nie. Die veronderstelling is dat daar in die eerste drie jaar van ‘n jeuglid sowel as nuwe offisier ‘n stadiger vordering sal wees. Die jeuglede omdat hulle klein is en nie noodwendig gebiedsaktiwiteite bywoon nie. Hier is die deursnee lid gebruik en nie die uitsonderings nie.

Die moontlikheid bestaan steeds dat toekennings gejaag kan word, maar dit sal die doel vertroebel en ons poog tog om selfdissipline aan ons lede te leer deur dinge reg op tyd te doen eerder as af te jaag.

Toekenning

1. Die kommandodagbestuur ken die betrokke jaar se toekenning toe aan die jeuglid of volwasse lid nadat die lid die nodige vereiste punte behaal het soos in die tabel uiteengesit.

2. ‘n Lid verwerf punte deur die betrokke aktiwiteite by te woon (en dit is veronderstel suksesvol af te lê) of aan te bied. Indien ‘n lid slegs ‘n gedeelte van ‘n aktiwiteit bywoon sal hy of sy nie in aanmerking kom vir die punte soos uiteengesit nie.

3. Totale maksimum punte wat behaal is word jaarliks oorgedra.
4. Omdat daar ‘n groot verskil is tussen die moontlike geleenthede van jeuglede in plattelandse gebiede teenoor stedelike gebiede kan daar aansoek gedoen word om alternatiewe byeenkomste te akkrediteer as plaasvervanger van byvoorbeeld ‘n Gebiedsgoedgekeurde aktiwiteit. Ons kan nie van ‘n jeuglid op Upington verwag om 840km te ry om ‘n sokkie op Kimberley by te woon nie!

5. Verder moet daar met deernis opgetree word in terme van punte toekenning in veral die laer grade. As ‘n Graad 1 jeuglid 1 punt kort vir die volgende toekenning en hy dit sal kry deur bloot die eerste kommandobyeenkoms die volgende jaar by te woon sal dit gewens wees dat hy die toekenning ontvang om hom of haar te motiveer maar eers die punte kry as hulle die byeenkoms suksesvol bywoon. Onthou ons poog daarin dat hulle die aktiwiteite bywoon waarin ons die geleentheid kry om met hulle te werk en hulle dus voor te berei op die lewe, eerder as om oor punte te stry. Hierdie grens gevalle word deur die kommandobestuur hanteer. Met die ontleding van 14 kommando’s se inligting het dit geblyk dat dit slegs 2% van die lede raak in ‘n betrokke jaar, 2% wat ons eerder moet behou.

Punte vir jeuglede

Spanbyeenkomste

1 punt	vir werwing van ‘n nuwe voortrekkerlid of ander inividuele aktiwiteit wat die kommandobestuur identifiseer: Maksimum 5 punte of lede gewerf
1 Punt	vir elke 10% bywoning: Maksimum 10 punte
5 Punte	vir elke spankamp: Maksimum 10 punte, dus 2 spankampe

Kommando Aktiwiteite

(Vyf aktiwiteite per jaar moet deur die kommando ge-identifiseer word en in die jaarprogram aangedui word wat gaan tel vir die erkenningstelsel bv. Waterkaskenades, Vorie Vasbyt, Speletjiesaand, Kerkparade ens.)

4 Punte	vir elke ge-identifiseerde aktiwiteit: Maksimum 20 punte dus 5 aktiwiteite
10 Punte	vir kommandokamp: Maksimum 10 punte dus een Kommandokamp

Oord en Gebied Aktiwiteite

(Vyf aktiwiteite moet deur die kommando ge-identifiseer word en in die jaarprogram aangedui word wat gaan tel vir die erkenningstelsel dit is slegs Gebied Goedgekeurde Aktiwiteite(GGA) en Oord Goedgekeurde Aktiwiteite(OGA).)

5 Punte	vir elke ge-identifiseerde aktiwiteit: Maksimum 10 punte
10 Punte	vir elke gebiedskamp bywoning: Maksimum 20 punte dus slegs 2 gebiedskampe

Indien ‘n jeuglid nie ‘n Kommando kamp kan bywoon met ‘n geldige rede nie en hy woon ‘n derde Gebiedskamp of Oordkamp by kan dit tel as Kommandokamp. Hierdie besluit berus by die kommandobestuur.

Spesialisasies

2 Punte vir elke Spesialisasie wat gedoen word in span -, kommando - , oord- en gebiedsverband

Maksimum 10 punte dus vyf spesialisasies, die gedagte was dat die jeuglid 2 spesialisasies in spanverband, 2 in kommandoverband en 1 bykomend doen, alhoewel dit nie spesifiek so hoef te wees nie.

*(Slegs spesialisasies wat deur die betrokke kommandobestuur goedgekeur is kwalifiseer en **sluit kommando- , oord- en gebiedskampe waarvoor hy punte ontvang, hier spesifiek uit** – dit word reeds as die inhoudelike van die kamp bepunt, jy kan dus **of** vir die kamp **of** vir die spesialisasie punte kry maar **nie beide nie,** terloops die reel geld deurlopend dat daar vir ‘n enkele aksie slegs een keer punte verdien kan word)*

Totale Maksimum Punte wat verdien kan word per jaar : 95 punte

Kaapse Voortrekkers

Punte vir volwasse lede

Bywoning

Kommandobyeenkoms	2 punte	Maksimum 10 punte
Kommandokamp	5 punte	Maksimum 5 punte
Gebiedskampe	5 punte	Maksimum 10 punte
Informele kursusse	5 punte	Maksimum 10 punte
Formele kursusse	10 punte	Maksimum 20 punte

Aanbieding

Werwing van ‘n nuwe voortrekkerlid	1 punt	Maksimum 5 punte
Spanbyeenkomste	1 punt	Maksimum 10 punte
Spankamp	5 punte	Maksimum 10 punte
Kommandobyeenkomste	5 punte	Maksimum 10 punte
Kommandokamp	10 punte	Maksimum 10 punte
Gebiedskamp kursusaanbieder	10 punte	Maksimum 20 punte
Gebiedskampleier	20 punte	Maksimum 20 punte
Informele kursus	5 punte	Maksimum 10 punte
Formele kursus	10 punte	Maksimum 20 punte
Gebieds/Nasionale komitee	20 punte	Maksimum 20 punte

Punte kan net een keer per aktiwiteit verdien word. As jy dus die kommandokamp aanbied kan jy nie ook punte vir bywoning kry nie.

Totale Maksimum Punte wat verdien kan word per jaar : 121 punte
‘n “Normale” Offisier behoort gemaklik 70 per jaar te verdien

Ontwerp en dra van die toekenning

- Die ontwerp van die betrokke toekenning word deur die Voortrekkerdepot gedoen.
- Die kenteken word gedra ooreenkomstig die bepalings in hoofstuk 26 van die reglemente.
- ’n Metaalbalkie is ook beskikbaar wat ’n lid op skooldrag kan dra.
- Slegs die hoogste toekenning word gedra.

Definisies

Met *werwing* word bedoel dat ‘n nuwe lid gewerf word vir die beweging en die nuwe lid moet sy ledegeld betaal en vir ten minste een jaar ‘n lid bly.

’n *Spankamp* is 'n kamp soos gereël deur die spanoffisier waar ten minste een nag uitgeslaap word en waarvoor 'n program vir ten minste 18 uur uitgewerk is.

Konsep Voortrekkerdepot

’n *Kommandobyeenkoms* is 'n byeenkoms gereël deur die kommandodagbestuur anders as die normale bymekaarkom eenmaal per week. Dit vervang nie 'n spanbyeenkoms nie en vorm ook nie deel van 'n spanbyeenkoms nie.

’n *Kommandokamp* is 'n kamp gereël deur die kommandodagbestuur waartydens al die spanne van die kommando teenwoordig is en waar Voortrekkerwerk behandel word en ten minste twee nagte uitgeslaap word. Die kamp moet langer as 36 uur duur.

‘n *Gebiedskamp* is 'n kamp soos gereël deur die betrokke gebied waar daar binne graadverband Voortrekkerwerk behandel word en ten minste 3 nagte vir die Penkoppe en Drawwertjies duur en ten minste 5 nagte vir die Verkenners duur. Die kamp moet ‘n erkende gebiedskamp wees van die betrokke gebiedsdagbestuur.

’n *Spesialisasies* is die wat in die betrokke groep se Spesialisasies handleiding beskryf word. Al die vereistes moet noukeurig nagekom word. Dit sluit nie kentekens wat by kampe verdien word in nie.

Met *spanbywoning* word bedoel dat dit die bywoning van die jeuglede by hulle betrokke spanne soos weekliks gehou word, is. Indien die kandidaat 'n aanvaarbare verskoning voorlê moet dit in ag geneem word. Alle spanuitstappies word hierby ingesluit.

‘n *Addisionele kamp/toer* is 'n geleentheid soos gereël deur die span, kommando, oord of gebiedsdagbestuur wat ten minste 2 of 5 dae duur.

Fondsinsamelings/Werksdae vir volwasse lede is insamelings geleenthede of werksdae soos gereël deur die betrokke kommando-, oord- of gebiedsdagbestuur.

Maksimum punte is die meeste punte wat 'n lid in een jaar kan verwerf.

‘n *Gebied Goedgekeurde Aktiwiteit (GGA)* is ’n aktiwiteit wat deur die betrokke gebiedsdagbestuur vir die doel goedgekeur is.

Konsep Voortrekker